



Deur Letitia Watson
Stuur voorstelle en versoeke na geldsake @huisgenoot.com. E-posse sal sower moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

Jou wens en die wet

Waak teen testamentbepalings wat diskriminerend of onregverdig is – dit kan in die hof nietig verklaar word

DAAR duik soms snaakse stories op oor mense wat hul naasbestaandes as't ware uit die graf wil regeer. Dink maar aan die pa wat bepaal het sy dogter kan net geld erf as sy van haar man skei . . .

Dinge is nie altyd so buitensporig nie, maar pasop – van jou wense in jou testament kan kragteloos wees.

Bloed en sedes

Die afgelope paar jaar was daar verskeie hofuitsprake oor testamente met vereistes dat sekere nalatenskappe net aan 'n sekere ras of geloofsgroep kan gaan.

In die meeste gevalle beslis hofuitsprake dat die woorde in 'n testament wat na 'n ras of geloof verwys, weggelaat en geskrap moet word, sê Erik Troost van African Mutual Trust in die Paarl. Onregverdige en diskriminerende bepalinge wat teenstrydig is met die Grondwet, mag dus kragteloos verklaar word.

Daar was onlangs 'n hofspraak nadat 'n vrou in haar testament bepaal het haar testamentêre trust moet tot voordeel van studente van 'n sekere ras gebruik word. Sy het voorts bepaal as dit nie uitgevoer kan word nie, moet die trustkapitaal na sekere liefdadigheidsorganisasies gaan.

Die trustees het die hof versoek dat die diskriminerende woorde uit die testament verwyder word omdat die universiteite nie onder dié voorwaardes die voordele wou aanvaar nie.

Omdat daar 'n alternatief was



KOBUS GALLOWAY

in die testament, het die hof beslis haar wens kan nie uitgevoer word nie en dat die kapitaal vir liefdadigheid moet gaan. Jy kan dus nie in jou testament landswette kragteloos maak of voorskriftelik daarvoor wees nie.

Dieselfde geld vir bepalinge wat beskou word as in konflik met goeie sedes, of teenstrydig met openbare beleid. Dis nou soos die pa wat sy dogter se erforsie onderworpe maak aan die voorwaarde dat sy skei. So 'n bepaling kan kragteloos word.

Voorskrifte

Voorskrifte in jou testament wat nie bindend is nie, kan ook nietig verklaar word. 'n Voorbeeld is wanneer jy jou huis aan jou kind nalaat, op voorwaarde dat hy dit nooit mag verkoop of 'n verband daarop registreer nie.

Dié voorwaarde kan wetlik kragteloos verklaar word en jou kind kan die huis vry van die beperkings erf. Dit sou net bindend wees as die voorskrif nie nagekom word nie en iemand anders bevoordeel word, soos as jy ook in jou testament bepaal dat iemand anders die huis erf as jou kind dit wil verkoop of 'n verband daarop registreer.

Kies jou woorde

Wees versigtig vir die woord "wens". Gestel jy wil hê jou peetkind moet jou staanhorlosie erf. As jy skryf jy "wens" dit gebeur, is dit onduidelik of dit 'n opdrag of 'n begeerte is. As die woord "bepaal" gebruik word, behoort daar geen twyfel te wees nie. Jy kan dit so stel om onderskeid te tref: "Dit is my wens, maar nie 'n vereiste nie."

Beperkings

Sekere testamentbepalinge is nie teen die wet nie, maar hulle kan vir jou erfgename probleme veroorsaak. Kyk of jy nie jou man of vrou deur jou testament van 'n inkomste en 'n tweede kans op liefde ontnem nie.

Dit kom baie algemeen voor dat 'n gade beperkings op die langsewende plaas ingeval die persoon weer sou trou. Dis byvoorbeeld wanneer iemand sy boedel aan sy kinders bemaak, maar die langsewende vruggebruik gee tot hertrouwe of afsterwe, wat ook al eerste gebeur.

Vruggebruik kan vir bejaarde erfaters nuttig wees, maar dit plaas die langsewende persoon in 'n moeilike posisie en kan beteken dat hy of sy nooit weer trou nie – veral as die mens volkome afhanklik is van die erforsie as 'n inkomste.

Daar kan dus gevalle wees waar die langsewende eggenoot slegter daaraan toe gaan wees as toe die eerssterwende nog geleef het. So iemand kan kwalifiseer vir 'n eis onder die Wet op Onderhoud van Langsewende Gades. Die eis moet tydens die beredderingsproses betyds teen die boedel ingestel word, sê Erik. Kry professionele raad.

Boedelgheroes

Oorweeg 'n prokureur, rekenmeester of trustmaatskappy wat spesialiseer in boedels en 'n baanrekord het. Loop lig vir mense wat net kursusse daarvoor bygewoon het; hulle is nie noodwendig kundig nie. ■

Liefde is hoe jy voortleef selfs nadat jy weg is

– MITCH ALBOM, TUESDAYS WITH MORRIE